**10 JULIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 60**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 60:13-14**

## Mislukkings moet ons nie moedeloos maak nie!

Die Skrif vermeld deurgaans Dawid se verstommende oorwinnings. Ja, hy moes wen en aanhou wen, hoe anders sou hy al die volke rondom onderwerp en ‘n ongeëwenaarde staat vestig? Tog was daar ook dié kere dat Dawid liederlik verloor het. Duisende manskappe het dan gesneuwel. Ek wil my nie eers indink hoe die rouklaag en geween dan uit die volk opgeklink het nie.

Psalm 60 is ‘n gebed van Dawid in so ‘n situasie. Die inleiding vertel nog van die groot oorwinning wat Joab, Dawid se leërhoof, oor die Arameërs en Edomiete behaal het. Maar dan verander die psalm meteens in ‘n klaaglied: “U het ons verstoot, o God...” (vs. 3). “Genees tog die wonde ...”(vs. 4). “Help ons tog teen die vyand …” (v 13).

Kort na Joab se roemryke oorwinning het Israel ‘n baie groot veldslag verloor, wat die hele volk in rou gedompel het. Dit is nag, uitsigloos! Wat nou? Hoekom het dit gebeur?

Dawid weet nie, soos ons ook nie, hoe om onverwagte mislukkings te kan verklaar nie. Het ons gesondig? Het ons beproewing, loutering, snoeiing nodig?

Wat Dawid wel doen, is om net stewiger aan God en sy beloftes vas te gryp (vs. 8-10). Hy weet God is liefde en trou, daar sal weer lig en redding op God se tyd kom. Wie naby God bly, sal nie net oorleef nie, maar in vreugde lewe.

*Sing: Psalm 68:13 (1936-beryming)* *Dr Klasie Heystek (Emeritus)*